GENETIESE MODIFIKASIE

# Lae olieprys knou biobrandstofbedryf



**DIE** skerp daling in die internasionale prys van ruolie hou groot voordele vir wêreldwye ekonomiese groei in. Dit maak egter die vervaardiging van biobrandstof onekonomies, sê mnr. Fanie Brink, 'n onafhanklike landbou-ekonoom. "Hoe langer die olieprys laag bly, hoe meer sal dit hernieubare biobrandstof uit die mark druk en sal dit prysgewys minder mededingend wees."

Die wisselende prys van ruolie oor die afgelope dekade het veroorsaak dat die vervaardiging van biobrandstof met groter prysrisiko's gepaardgaan en onverhaalbare ondersteuning van die Regering verg.

"In die lig van die konsepwetgewing oor die verpligte inmeng van biobrandstof en die prysformule wat verlede jaar deur die Regering aangekondig is, sou die Regering teen hierdie prysvlakke vir ruolie hom natuurlik nou tot buitensporig hoë finansiële steun moes verbind het, aangesien hy onderneem het om 'n opbrengs van 15% op kapitaal vir biobrandstofaanlegte te waarborg.

"Dit beteken die heffings op petrol en diesel wat ingestel sou word om hierdie finansiële verpligting na te kom, sou in só 'n mate verhoog moes word dat dit die bekostigbaarheid en volhoubaarheid daarvan heeltemal onmoontlik sou maak."

Die meeste grondstowwe, soos suikerriet, grane en oliesade, sal nie teen die huidige prysvlakke winsgewend vir die vervaardiging van biobrandstof gebruik kan word nie.

Biobrandstofaanlegte in Amerika en verskeie ander lande sal nie teen die huidige olieprys kan voortgaan met vervaardiging nie, en sal gevolglik hul deure moet sluit.

Suid-Afrika se groot potensiaal om biobrandstof uit suikerriet te vervaardig, word deur die lae olieprys ondermyn.

Amerika, wat sowat 20% van sy totale mielie-oes vir die vervaardiging van biobrandstof gebruik, sal nou ander markte moet vind.

Tog hou die lae ruolieprys ook voordele vir boere in. " 'n Sterk moontlikheid bestaan dat die prys van stikstof ook verlaag sal word, aangesien natuurlike aardgas nou eerder aangewend sal word om stikstof-kunsmis te vervaardig pleks daarvan om met aansienlik laer gaspryse teen die lae brandstofpryse mee te ding.

"Dit is veral geldig as 'n mens kyk na die lae pryse vir diesel wat in die winter in die Noordelike Halfrond op 'n groot skaal vir verhittingsdoeleindes gebruik word wanneer gaspryse te hoog raak."

Volgens mnr. Paul Joubert, senior ekonomiese navorser by Solidariteit, beteken die laer olieprys ook dat verbruikers, veral motoriste, se koopkrag toeneem. Hulle kan dus meer geld bestee aan luukshede, soos wyn en luukse groentes, wat tot voordeel van die landboubedryf kan wees.

Joubert meen egter dit is baie moeilik om enige vooruitskattings ten opsigte van die olieprys te maak. "Die lae olieprys is 'n uitsonderlike geval en maak enige voorspellings nóg moeiliker." – JEANDRÉ DU PREEZ